

INHOUDSOPGAWE

Die gestremde as beelddraer van God	1
Die Gees van die waarheid	5
Om te swyg	7
Om Amen te sê	8
Doen ons by die Here niks reg nie?	10

REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,
Johannesburg
jopie1976@gmail.com

DIE GESTREMDE AS BEELDDRAER VAN GOD

H van den Berg

'So iets'

Respek vir die gestremde as medemens ontbreek dikwels. Ter illustrasie die volgende verhaal van Lize Stilma. Sy is die skryfster van die boek *Zo iets neem je niet mee naar de winkel* (So iets vat jy nie saam winkel toe nie). Die titel van hierdie boek is ontleen aan een van die kort sketse daarin. 'Zo iets' is die eerste een.

Dit gaan oor 'n ma wat saam met haar gestremde seun Adrian besig is om inkopies in 'n supermark te doen. Hy kan sy bene nie goed beheer nie, en daarom kan hy nie vinnig oor die weg kom nie. Rustig loop hy deur die supermark. Maar almal is nie ewe rustig nie. Een vrou is haastig, sy wil nog gou 'n paar inkopies doen en Adrian is in haar pad. Dit irriteer haar. Sy voel dat sy Adrian se ma daarvoor moet aanspreek. Ergerlik sê sy vir haar: 'So iets vat jy nie saam winkel toe op 'n Saterdagmiddag nie.'

Die neerhalende en afwysende toon hiervan is duidelik. 'n Gestremde is eintlik nie 'n mens nie. Hy is 'n iets, 'n ding. Nog lastig ook. Oorbodig. Hoe dikwels word daar nie in ons samelewing so op gestremdes neergesien nie?



Ideaalbeeld

Waardeur word dit veroorsaak? Is dit vandag erger as vroeër? Het die samelewing harder geword? Ek weet nie. Ek weet wel dat baie mense nie raad het met hulle gestremde medemens nie. Hulle is skaam vir hom (of haar). Loop wye draaie om hom. Erger nog: hy is vir hulle steurend, hulle het 'n afsku aan hom, gril selfs vir hom. Waarom is dit so?

Omdat ons gewoonnd geraak het aan 'n ideaalbeeld van die mens. Lyding en gestremdheid pas nie juis by daardie beeld nie. Jou bestaan is eers menswaardig as dit aan 'n aantal

minimumvereistes voldoen. 'n Minimuminkomste, goeie gesondheid. Bowenal is die mooi, aantreklike liggaam onmisbaar by die ideale mensbeeld. Die ideale mens word gedurig in die media aan ons voorgehou. Verder vergaap ons ons aan die prestasies wat die ideale mens behaal op die sportveld en die atletiekbaan, waar steeds beter rekords opgestel word.

Die sieke, die swakke en die gestremde kan nie op daardie vlak deelneem nie. Ja seker, hulle het hulle Paralimpiese Spele, maar wat belangstelling betref, kan dit nie meeding met die ware Olimpiese Spele nie. Tydens die Paralimpiese Spele word daar wel wedstryde gehou, maar dit is bloot agterhoedegevegte.

Ons ken almal beperkings en belemmerings, maar die ergste gestremdheid is die sonde!

Beeld van God

Dit is dus nogal 'n uitdaging om oor die gestremde as beeld van God te skryf. Hoe kan jy nou van 'so iets' sê dat 'dit' beelddraer van God is? Dit is tog veels te positief gestel? Die gestremde kan die vergelyking met die ideaalbeeld van die mens nie deurstaan nie. Wat nog te sê van die beeld van God? Kom ons kyk hierna.

Op die eerste bladsy van die Bybel lees ons al van God se beeld: *'En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis... En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape'* (Genesis 1: 26-28). Adam is dus na God se beeld geskape. God het hom 'n belangrike posisie op aarde gegee. Hy mag namens God onderkoning wees, oor die diere heers en die hele aarde beheers. Dit was 'n

groot onderneming. Tog was Adam daarvoor opgewasse, want God het hom die vermoëns daarvoor gegee. Adam was 'n begaafde mens. Watter gawes het hom dan so geskik vir sy taak gemaak? Dit was regverdigheid en heiligheid (Heidelbergse Kategismus, Sondag 3). Gawes waarmee hy God onvoorwaardelik wou dien. Vir Adam en Mannin het alles in die Paradys net om een ding gedraai: om God se wil te doen en Hom te eer. Dit is wat van die mens God se beelddraer maak.

God se beeld beskadig

Intussen het alles verander. Sedert die sondeval is die Paradys iets van die verlede. Die beeld van God is stukkend gebreek. Waar sien 'n mens dit duideliker as by die gestremde? Kan jy nie baie duidelik sien dat hy die beeld van God verloor het nie? Hoe kan jy aan 'n Downsindroom-kind sien dat hy namens God die aarde beheer? Hoe kan jy aan 'n outistiese kind sien dat hy 'n belangrike plek in God se skepping beklee? Kan iemand wat heeltemal verlam en bedlêend is, God se heerlikheid sigbaar maak? Dit lyk asof God se beeld agter die gestremdheid verdwyn het.

Maar dit is skyn wat bedrieg. Inderdaad is die beeld van God stukkend gemaak. Maar wat is die oorsaak daarvan? Verdwyn God se beeld agter die skerm van die gestremdheid, of is dit iets anders? Kom ons luister na die belydenis in die Dordtse leerreëls, Hoofstuk III/IV, artikel 1:

'Die mens is van die begin af na die beeld van God geskep. Verstandelik was hy toegerus met ware en heilsame kennis van sy skepper en van geestelike sake. In sy wil en hart was hy met geregtigheid toegerus, en sy hele gesindheid was suiwer. Hy was dus volkome heilig. Maar deur die ingewing van die duiwel en uit sy eie vrye wil het hy

Geloof is 'n lewendige, moedige vertroue in God se genade. Dit is so seker en vas dat 'n mens sy lewe 'n duisend keer daaraan sal toevertrou.

- Martin Luther



hom van God losgeskeur en homself van hierdie uitnemende gawes beroof. Daarenteen het hy in die plek daarvan oor homself gebring: blindheid, verskriklike duisternis, ydelheid en verdorwenheid van verstandelike oordeel, boosheid, rebellie en hardheid van sy wil en hart sowel as onsuiverheid van sy hele gesindheid'.

Dit is tog so duidelik soos daglig. Wat het veroorsaak dat die beeld van God stukkend geraak het? Nie die gestremdheid nie! Die sonde. Die hele mensdom ly daaronder. Deur die sonde gee ons God nie meer die eer nie. Ons doen nie meer wat Hy wil hê ons moet doen nie. Elke mens het God se beeld verbeur, of hy nou hoogs begaafd is of gestremd. Trouens, wie is daar wat nie 'n blinde kol, 'n gestremdheid in sy lewe het nie? Hoogsbegaafde mense kan soms nogal taamlik gestrem wees, omdat hulle twee 'linkerhande' het. 'n Ander het 'n swak geheue, 'n derde een het geen aanvoeling vir taal nie, 'n vierde het kommunikasieprobleme. Ons ken almal beperkings en belemmerings, maar die ergste gestremdheid is die sonde!

Die herstel van God se beeld

Tog mag dit nie die laaste woord wees nie. Ook

ná die sondeval is daar nog sprake van God se beeld. God herinner Noag daaraan dat Hy die mens na sy beeld gemaak het (Genesis 9:6). Dit moet ons nooit vergeet nie. Christus, wat die beeld van God is (2 Korinthiërs 4:4), het onder ons gewoon. En ons bely dat die Heilige Gees ons vernuwe tot die beeld van Christus (Heidelbergse Kategismus, Sondag 32). Dit is hoopvolle woorde in 'n wêreld wat diep geskend is.

Maar geld dit ook vir ons gestremde broeders en susters? Is hulle ook deel van daardie proses van vernuwing? Bemoei die Heilige Gees Hom ook met mense wat ernstig versteur is? Sou Hy hulle gebruik om beeld van God te wees? Om God se eer uit te dra? Dit kan 'n mens jou skaars voorstel.

Dit het al meermale geblyk dat hierdie gestremde broeders en susters oor 'n soort charisma beskik wat by ander ontbreek.

Jy moet dit in die eerste plek ook nie probeer voorstel nie. Dit gaan hier veel eerder om *geloof*. Geloof in die doopbelofte. Daar het ons gehoor dat die Heilige Gees in ons wil woon. Die belofte geld ook vir God se gestremde kinders. Die Gees werk ook in en deur hulle. Hy skakel ook ernstig siekes en gestremdes in — tot God se eer. Dink aan die man wat blind gebore is (Johannes 9). God se werk moes in hom geopenbaar word, sê Christus. Twee hoofstukke verder lees ons dat ons Heiland berig ontvang het van Lasarus se siekte. Dan sê Hy vir die dissipels: *'Hierdie siekte is nie tot die dood toe nie, maar tot die heerlikheid van God, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word.'* Die apostel Paulus het 'n gebrek gehad, 'n doring

Hy wat 'n gawe ontvang, moet dit nooit vergeet nie; hy wat 'n gawe uitdeel moet dit nooit onthou nie.

- Pierre Charron

in die vlees (2 Korinthiërs 12:7). Die Here wou so sy krag sigbaar maak in Paulus se swakheid.

Soms sien jy dit

Waarom skryf ons dit nou? Is dit om die saak te verromantiseer? Om die pyn en moeite weg te streef? Nee, ons erken dat daar baie pyn en hartseer is. Wat 'n skok as daar 'n gestremde kind in 'n mens se gesin gebore word. Dan oorweldig die bekommernisse 'n mens. Die vrae bestorm jou. Hoe sal ons kindjie ontwikkel? Sal hy kan praat? Wat van loop? Wat van selfversorgendheid? Waar gaan ons kind eendag eindig? Watter soort woonplek sal geskik wees? Wie sal vir hom sorg as ons, die ouers, nie meer daar is nie?

“Ons, die volwassenes, het nou eerder 'n bietjie gebreklik gelyk”

Daarby kom ook nog die probleem van (dikwels goedbedoelde) onbegrip. Goedkoop trooswoorde. Raad wat kant nog wal raak, opmerkings wat seermaak, omdat die samelewing meen dat jy die saak nie reg hanteer nie. Die pyn van onreg omdat daar vir allerhande bevolkingsgroepe allerhande dinge gedoen kan word, terwyl daar hare gekloof word oor die versorging van gestremdes en die finansiële rieme daarvoor steeds dunner gesny word. Hier is niks om te idealiseer nie!

Maar dit beteken nie dat dit nie waar is nie. Daar kan deur en rondom die gestremde iets moois opbloe. Dit het al meermale geblyk dat hierdie broeders en susters oor 'n soort charisma beskik wat by ander ontbreek. Soms kan 'n mens geen charisma bespeur nie. Maar dan kan die gestremde tog die geloofslewe van ander laat

verdiep bloot deur te wees. Die versorging van so 'n gestremde is dan moeilik. Maar as dit in geloof gedra word, kan dit jou geloof laat verdiep. Jy word daardeur na die Here gedryf, die Enige, wat krag gee om te dra.

Een Downsindroom-kind se pa noem haar “'n profetes sonder woorde”. Gestremdes kan ander beskaamd laat staan. 'n Voorbeeld daarvan vind ons in J. van der Hoeven se boek *Afskeid van 'n engel*. Hy skryf oor sy seun Aat, 'n Downsindroom-kind. Aat gaan belydenis doen. Dit word met die dominee bespreek. Na afloop van die gesprek staan die ouers op om afskeid te neem, maar dit gaan te gou na Aat se sin. Hy sê: “Eers bid. Ek (Aat se vader) sien hoe dink die dominee: Nou goed dan maar! Maar dit was Aat wat vir ons gebid het: ‘Dankie kerk, sing, dominee Notelaar. Dankie koppie tee. Saam met pa, ma, huis toe, eet, môre werk toe. Jesus Christus. Amen’. Hy was weer volkome rustig, tevrede en bly. Ons, die volwassenes, het nou eerder 'n bietjie gebreklik gelyk. Ons het iewers tog ook 'n les geleer” (p. 53).

Hoe dikwels merk 'n mens op dat jou lewe verryk word deur omgang met gestremdes. 'n Mens kan dit maar sê sonder om te romantiseer. Die gestremde mag werklik ook daar wees, hy het dikwels iets besonders in hom, hy of sy het soms groot invloed. 'n Gestremde profetes sonder woorde beteken meer as 'n hoogsbegaafde professor wat nie in God glo nie. Die Heilige Gees is die groot Kunstenaar wat uit 'n gestremde en sondige mens God se beeld te voorskyn roep. Soms mag jy dit beleef! Tot beskaming, bemoediging, verwondering.

Ds. Van den Berg is die vader van 'n Downsindroom-kind.

Elkeen vlei homself en dra 'n eie koninkryk in homself saam.

- J Calvyn

DIE GEES VAN DIE WAARHEID

M Brink



“En die Gees getuig daarvan, omdat die Gees die waarheid is”

(1 Joh. 5:6).

In die lente is die begeerte na volmaaktheid baie sterk. Alles is so bekoorlik en aantreklik. Daarom is dit 'n pynlike ervaring as jy nie volmaaktheid kan geniet nie. Bloeisels teen 'n helder blou lug – en jy bekyk die volmaaktheid met 'n verlangende verdriet in jou hart.

So vra ons ook wanneer ons Pinkster vier: wat het van die Gees geword? Wanneer sal ons in jubelende lofgesange kan uitbars, in ekstase en met volle oorgawe?

Ja, die Gees verlang ook daarna, dat dit sal gebeur. En Hy wil ons ook reeds nou al, in hierdie stukkende lewe, oomblikke van intense vreugde en oorgawe gee. Laat ons maar gedurig daarvoor bid.

Om met die Gees vervul te word, het vele kante. 'n Mens merk sy teenwoordigheid miskien die

duidelikste in daardie lofprijsing en volle oorgawe. Maar daar is veel meer. Laat ek enkele dinge noem.

In Jesus se laaste gesprek voor sy sterwe, verduidelik Hy wat die Heilige Gees kom doen.

Hy sal die dissipels naamlik herinner aan wat Jesus gesê het (Joh. 14:26) en Hy sal oor Jesus getuig (Joh. 15:26). Hy sal die feite oor Jesus op die tafel plaas:

Hy sal aan die wêreld duidelik maak wat sonde, geregtigheid en oordeel is (Joh. 16:8), en Hy sal die weg na die volle waarheid aanwys (Joh. 16:13). Hy sal ook die gevolge van dié dinge laat sien. Hy sal nie namens Homself praat nie, maar Hy sal sê wat Hy gehoor het, en Hy sal bekend maak wat gaan kom. Hy sal Christus verheerlik, deur bekend te maak wat Hy van Christus ontvang het. Dit gaan natuurlik nie buite die Vader om nie, want alles wat van die Vader is, is ook van Christus (Joh. 16:14). Hy werk dus in noue verbintenis met die Vader en die Seun.

Klaarblyklik is die Gees baie besig met feite. Half vergete woorde van Jesus bring Hy weer na vore. Hy wys die weg na die waarheid, en getuig ook daarvan. Hierdie getuienis is nie soseer 'n gloeiende betoog nie, maar 'n noukeurige en waarheidsgetroue redevoering. Daarin is die Gees voortdurend besig met die feite aangaande Christus — feite van die verlede en van die toekoms. Daarom is Hy ook so oortuigend. Sy verhale is op die werklikheid gebaseer. Die verkondiging van die heil bestaan nie net uit die opwekking van 'n warm gevoel nie, maar uit die

Geloof is die moeder van gehoorsaamheid.

- Thomas Manton

verkundiging van oorweldigende werklikhede.

Dit is feite wat jou hart raak, omdat dit ook feite oor jouself is. Nie dat dit feite is wat ons altyd so graag wil hoor nie. Indien jy byvoorbeeld 'n seksslaaf sou wees, is dit 'n feit waarvan die Gees beslis nie sal wegstroom nie, maar Hy kom ook met ander feite. Hy hou jou gedurig voor oë dat daar in Christus versoening is: roep Hom aan om hulp! Jy mág, jy kán. Hy het die reg om jou te red. Vat sy hand, moenie bang wees nie!

**Daarom is Hy ook so oortuigend.
Sy verhale is op die werklikheid
gabaseer.**

Hy kom met die feit dat God jou Vader is en dat jy dus, soos 'n klein kindjie, mag roep "Abba" (Rom. 8:15,16). Meer nog; al kan jy nog maar net steun, begin Hy al in jou hart te roep;

"ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie" (Rom. 8:26).

Nog 'n feit: dat daar nuwe lewe is, lewe deur die Gees. 'n Lewe vol van die vrugte van die Gees: *liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing* (Gal. 5:22, 23). Dít is nie verbeelding nie, dit is 'n feit.

Die Gees is deur die Vader en die Seun gestuur. Hy is deur die Vader gestuur namens die Seun (Joh. 14:26). Hy is deur die Seun van die Vader gestuur (Joh. 15:26). As daar iemand is wat wéét wat die Vader en die Seun beweeg, dan is dit die Gees. As daar iemand is wat in staat is om jou saam te neem, terug na die Vader en die Seun toe, dan is dit Hy. As daar iemand is wat aan jou vreugde kan gee, dan is dit Hy. Die rede? Omdat dit gegrond is op die waarheid.

But you will receive power when the Holy Spirit comes on you; and you will be my witnesses in Jerusalem, and in all Judea and Samaria, and to the ends of the earth (Acts 1:8). Upon this primitive evangelism God set His seal, confirming it with signs following and adding to the church daily, so that the most rapid and far-reaching results ever known in history were achieved... Within one generation, with none of our modern facilities of transit and publicity, the gospel message flew from lip to lip till it touched the bounds of the Roman Empire. Within one century, by the simple method of one-by-one evangelism, the citadels of paganism were shaken to their foundations, and the gospel spread on triumphantly.

AT Pierson

Hoe vry is die mens werklik in sy keuses? 'n Hond is vry om 'n hond te wees; 'n Sondaar is vry om 'n sondaar te wees.

- Andrew Anderson

OM TE SWYG

P Groenenberg



Lees: Jesaja 53

“Ek is stom, ek sal my mond nie oopmaak nie...”,
Psalm 39:10a.

Dawid swyg. Al weer. Hierdie swye is anders as die swye waarvan Dawid in vers 2 van hierdie Psalm gepraat het. Toe het hy geswyg omdat hy sou vloek as hy sy mond oopmaak. Hier bely Dawid dat hy berus in God se weg. Hy swyg. Hy is nie meer opstandig nie. God spreek immers in sy lyding, en as God spreek, ook deur vreeslike dinge, dan moet die mens leer swyg.

Ek is stom. Dieselfde woord word in Jesaja 53:7 gebruik vir die lydende Knecht van die Here. Van Hom word daar gesê dat Hy soos ’n skaap is wat stom is voor sy skeerders. In Jesaja 53 word daar van Christus gesê dat Hy sy mond nie

oopgemaak het nie. Hy het geweet, ja. Om God se weg te volg, het Hom trane gekos — dink maar aan die tuin van Getsemane — maar Hy het geswyg. Hy het God se weg gevolg.

Dawid swyg. Hy berus. Ons moet bid vir berusting in alle moeilike lewensomstandighede. Dan is ons besig om God te verheerlik. God wil dit so hê. Hy wil Homself deur alle dinge verheerlik. Ook deur krag te gee om sulke moeilike dinge te aanvaar.

Is dit genoeg om net in God se weg te berus? Nee, op hierdie manier wil God ons laat groei. Ons moet op ’n punt kom waar ons God se Naam weer sal prys. God vra nie onmoontlike dinge nie. As Hy ons hard slaan, vra Hy nie dat ons die volgende oomblik ‘halleluja’ roep nie. Hy vra eers berusting. Hy vra eers die belydenis: ek is stom, ek sal my mond nie oopmaak nie.

Om God se weg te volg, het Christus trane gekos — maar Hy het geswyg.


Ek gee alles in die hande van die swyende Christus oor, wat my leer om te swyg as Hy praat. Alles. Want alles kom van Hom af en Hy laat dit ten goede meewerk.

Sagmoedige woorde val lig, maar hulle het groot gewig.

- Derick Bingham

OM AMEN TE SÊ

JL de Jong



Teen die einde van verlede jaar het ons dogter, wat toe nog vyf jaar oud was, na haar aandgebedjie gevra: “Pappa, wat beteken ‘amen’ eintlik?”

Op so ’n oomblik bied geleerde antwoorde nie ’n uitkoms nie, maar moet ’n mens maar probeer om op ’n eenvoudige manier die inhoud van daardie mooi woordjie te verduidelik.

Onnadenkend

Wie nadink oor wat die Bybelse inhoud van die woord “amen” is, moet tot die gevolgtrekking kom dat ons daardie woord nie onnadenkend mag gebruik nie. Die werklikheid is egter dat die woord “amen” eintlik dikwels op ’n onnadenkende wyse deur ons gebruik word.

’n Uitspraak wat ’n mens soms vroeër op skool gehoor het, was: “Amen is nie ’n ‘begin-sein’ nie.” In die praktyk funksioneer dit baie keer as

‘begin-sein’. Die woord “amen” word verkeerdlik as ’n aanduiding gebruik dat die gebed nou afgesluit of afgehandel is, waarna ons weer aan die gang mag kom. Dan mag ons van die tafel af opstaan of weer iets ‘begin’ doen.

Hoe dikwels gebeur dit dat ons by ’n gesamentlike gebed ophou luister nog voordat die voorganger “amen” gesê het? In alle eerlikheid kan dit ook van die voorganger afhang. Dit alleen al is genoeg rede vir die voorganger, sowel as vir dié wat saam met hom bid, om ernstig te besin oor die woord “amen” en oor die inhoud van die gebed wat hardop uitgespreek word.

Kategismus

Die vraag wat aan die begin van hierdie artikel genoem is, is enkele weke voordat ek ’n preek oor Sondag 52 van die Kategismus moes maak, aan my gestel. Die nadenke oor en formulering van ’n antwoord op dié spontane vraag was ’n goeie aanloop vir die bespreking van antwoord 129 van die Heidelbergse Kategismus. Daar word die betekenis van dié woordjie immers heel duidelik uitgelê.

“Here God, ons weet verseker dat
U geluister het.”

“Amen wil sê: dit is waar en seker. Want my gebed is baie sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart voel dat ek dit van Hom begeer.”
Met ander woorde: met die woordjie “amen” sê

Wanneer ons aan God gee, dan neem ons die gawe uit sy een hand, en plaas dit in sy ander hand.

ons dat die Here God veel beter as onself weet wat ons nodig het. En dit is sekerder dat Hy hoor, as dat ons die gevoel het dat ons dit nodig het.

Die Kategismus het dus 'n heel verhewe opvatting het van die woord waarmee ons ons gebede afsluit. Met die woordjie “amen” sê ons aan die einde van ons gebed: *“Here God, ons weet verseker dat U geluister het.”* Dit is eintlik mooi as 'n kind vra wat die betekenis van die woordjie “amen” is. So het ouers ook 'n belangrike taak om hulle kinders te leer om “amen” te sê. 'n Taak waarvoor ons onself meesal ontoereikend beskou. Dit is 'n taak wat ten diepste alleen die Heilige Gees kan volbring, maar daarvoor gebruik Hy ook ons as mense. Wie werklik geleer het om “amen” te sê, het ook geleer om te vertrou en om te glo.

Vertroue

Die grondbetekenis van die woordjie “amen” is *geloof* of *vertroue*. In die boek Openbaring word die Here Jesus self die Amen genoem. *“Dit sê die Amen, die getroue en waaragtige getuie, die begin van die skepping van God”* (Openbaring 3:14). Dit benadruk dan die sekerheid van die heil in Christus. Die Heiland het dié woord ook self gebruik. *Amen, Amen sê Ek vir u.* Dit benadruk dan die sekerheid van die betoog wat nou gaan volg.

Dieselfde woord gebruik ons aan die einde van ons gebede. Dan benadruk dit die sekerheid van die feit dat al die gebede in God se hand lê. So besef ons ook dat die woord nie sommer onnadenkend kan uitspreek nie. Hoe ons die laaste woord uitspreek, sê ook iets oor die manier waarop ons gebid het.

“Amen” pas natuurlik nie aan die einde van 'n gebed wat eerder 'n hoopvolle sprong in die diepte is as wat dit 'n vertrouensvolle gebed is

nie. Laat ons eerlik wees, daar is soms sulke gebede. Dan word die woorde wel uitgespreek, maar ons dink agterna: *“Ag, wat help dit alles, ek kan net sowel nie bid nie.”* Na só 'n gebed is die woord “amen” eintlik nie gepas nie. Hierdie slotwoord is immers 'n woord van geloof en vertroue.

Hoe ons die laaste woord uitspreek, sê ook iets oor die manier waarop ons gebid het

Kan ons enigsins ná ons gebede “amen” sê? Sommige van ons gebede begin in twyfel en onsekerheid. Ons kan twyfel aan God se sorg vir ons of vir diegene wat ons liefhet. Ons kan twyfel aan God se vergifnis. Daar kan baie gevoelens deur ons gaan tydens ons gebede. Dit is daarom goed om altyd in gedagte te hou dat u aan die einde van die gebed “amen” gaan sê. Dit kan 'n gebed word met lang stiltes en diep sugte. Maar dit bring 'n enorme rustigheid as ons aan die einde van die gebed tog wel “amen” kan sê. Daar sal gebede wees waar ons dit heel saggies sê, maar dan sal daar ook gebede wees waarin die laaste woord soos 'n klok klink. Nie omdat ons so seker is van óns saak nie, maar omdat ons seker is van God se saak. Sý Naam, sý Koninkryk, sý wil, sý sorg en sý vergifnis. En dan ook seker te mag weet dat die getroue God na u geluister het. So gesien, mag die einde van ons gebed met die woordjie “amen”, nooit onnadenkend wees nie.

Dit kan dalk moeilik wees om “amen” te sê — mag ons dit sê? Tog is daar soveel moois in: want ons laat dan inderdaad alles met 'n geruste hart in die hand van die Here. Na die laaste woord van die gebed staan daar nie 'n vraagteken nie, maar 'n uitroepteken!

Hy wat God vrees, het niks om te vrees nie.

- CH Spurgeon

DOEN ONS BY DIE HERE NIKS REG NIE?

P Niemeijer



‘Alles kan gaan’ en ‘Alles is aanvaarbaar’, is tipies van die hedendaagse normbesef. As dit maar uit jou hart kom (opreg is) en as jy maar die grenslose vryheid (outonomie) van ’n ander respekteer, is alles reg.

Van die Christendom kry mens soms die teenoorgestelde indruk: daar gebeur nooit iets goeds nie; alles wat mense doen, is ewe sleg; as ek dag en nag vir my hulpbehoewende ma sorg of my stukkend werk ter wille van asielsoekers — volgens die Christendom is dit alles sonde en nie goed nie. Sê die Belydenisskrifte dan nie dat ons onbekwaam is tot enige goed en geneig tot alle kwaad nie? Ons maak ons skuld elke dag nog groter. Ons beste werke is onvolmaak en met sonde beplek. Al kon ons op één goeie werk wys, dan is die gedagte aan één sonde weer genoeg om dit in God se oë verwerplik te maak.

Is dit nie verskriklik ontmoedigend nie? Beteken dit dat God regtig nooit enigiets van ons geniet nie, omdat Hy altyd net maar sien wat ontbreek?

Burgerlike goedheid

Is daar nooit iets goeds nie? Is alles altyd sleg en deur en deur verkeerd?

Die Skrif leer dat ons mensdom as gevolg van ons sonde in ’n wêreld lewe waarvoor die skadu van God se vloek geval het. Die wêreld is ewenwel nog altyd God s’n en dit is ook nie dieselfde as die hel nie. God het ook nie die heidene afgeskryf nie. Hy laat reën oor die goeies en die slegtes. Hy doen nog altyd goed aan die heidene deur aan hulle reën en vrugbaarheid, voedsel en vreugde te gee.

In die hél leef die kwaad hom uit sonder dat hy terug gehou word, maar in ons wêreld versag God die werking van die sonde. Ons *is* sleg, maar gelukkig sorg die HERE dat dit nie altyd ongetem na buite kom nie. Hy skep ruimte vir die voortgang van sy ryk en van die evangelie wat sondaars oproep om hulle te bekeer.

So praat die Skrif van aardse vaders wat weet om goeie gawes te gee en heidene wat laat blyk dat die werk van die wet in hulle harte geskryf is; van die bewoners van Malta wat buitengewoon mensliwend was; van owerhede wat nie net die boosdoeners moet straf nie, maar ook die goeies moet beloon.

Ons hoor van buitestaanders wat kennelik so ’n mate van morele besef het, dat ons by hulle goeie getuienis moet kry. Die HERE Jesus praat selfs van heidense Nineviete en die heidense koningin van die Suide wat die onbekeerlike Israeliete beskaam. Netso kan ongelowiges wat hulle in diens van hulle naaste en die

Ware geloof is nie kreatief nie, maar reseptief. Dit maak nie verlossing nie, dit neem verlossing in dankbaarheid aan.

- Robert M Horn

samelewing stel, vandag ook met hulle 'goeie werke' kerkmense beskaam.

Tog, wanneer dit daarop aankom, skiet hierdie werke tekort. Nie aan ons mensemaat gemeet of vir ons menseoë wat nie dieper as die buitekant kyk nie, maar aan die maatstaf wat God aanlê. Ons mense kyk vol ontsag na wat die medemens doen en ons is die HERE dankbaar vir alle burgerlike goedheid waardeur daar vir die evangelie ruimte kom. Tersedertyd weet ons egter dat die werke van ons medemens nie geheel, of selfs gedeeltelik, grond is vir vrypraak as hulle hulle daarmee voor God se regterstoel sou stel en die HERE hulle na sy wet sou oordeel nie. Dit gaan hier oor *burgerlike* goedheid. Hierdie werke kom nie uit hartelike verbondenheid met God voort nie en dit is nie op sy eer gerig nie. Daarby is daar, benewens die dinge wat hulle doen ook baie dinge, wat God beveel, wat hulle nié doen nie.

Die grond vir ons vrypraak

Voor God se regterstoel gedaag, gemeet aan die wet van God, kan nie net ongelowiges nie, maar ook Christene nie stand hou nie. As ons voor God sou moes verskyn terwyl ons, in die geringste mate, op onself of enige ander skepsel moet steun, sou ons vergaan. Elkeen moet saam met Dawid in Psalm 143 sê:

“ . . . gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor u aangesig regverdig nie”. Hy wat soek langs die weg van eie prestasie sal nooit rus en sekerheid vind nie.

Ons kan nie sêlf ons sonde regstel of ons skuld betaal nie. Ook nie met ons geloof nie, want ook ons geloof is nie volmaak nie, maar swak en onvolkome. Geloof is ook nie ons eie prestasie nie, maar 'n gawe van God. Antwoord 61 van die Heidelbergse Kategismus wys tereg die weg van selfverlossing af met die belydenis dat ons nie

op grond van die waarde van ons geloof vir God aanneemlik is nie (vgl. ook Dordtse Leerreëls II, Verwerping van die Dwalings 4).

Ons is ook nie deur ons goeie bedoelings vir God aanneemlik nie. Mens hoor vandag soms: 'Die HERE sien wel verkeerde dinge by ons, maar Hy kyk nie net na wat ons *doen* nie, maar na wat ons *is*. Hy sien ons hart en Hy weet dat dit Hom goedgesind is en daarmee neem Hy genoeë'.

**Christene roem nie in mense nie.
Christene roem in die HERE. Hulle
sing van genade!**

Ook hier gaan dit weer oor selfverlossing; *my* goeie bedoelings. Maar net so min as wat ek deur die waarde van my geloof vir God aanneemlik is, is ek vir Hom aanneemlik weens my goeie hart. Daardie hart is trouens ook nie goed nie. Dit is en bly na sy aard boos en skuldig. Tot my dood bly ek geneig tot alle kwaad. Die HERE moet my daagliks herskep. Die Skrif sê dan ook nie dat die HERE net jou hart aansien nie. Die Skrif praat van 'n hart wat ons veroordeel. Tog skryf die apostel Johannes dat God meer is as ons hart. Die werk van sy Seun is meer as genoeg om ons skuld te versoen.

Dit is die weg van ons verlossing.

In die ou verbond het God die offer *geëis*, maar Hy het dit ook *gegee*. Hy het die bloed op die altaar gegee om versoening te doen.

En nog altyd géé die HERE wat Hy eis. Hy het sy Seun gegee om te doen wat Hy moes doen. Hy skenk aan ons, en reken ons toe, die volkome voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus.

Tensy dit nie vir ons 'n eer en vreugde is om te gee nie, aanvaar God nie ons offergawe nie.

- Charles Hodge

Hierdie onbegryplike ruil is vir ons so verblydend. *Ons* oortree die gebooie van God en verdien sy straf. *Christus* het dit gedra. *Ons* laat na wat God aan ons opgedra het, maar *Christus* het die wet van God vervul. *Ons* is steeds geneig tot alle kwaad, maar *Christus* is volkome heilig. God reken ons dit toe asof ons nooit sonde gehad of gedoen het nie, ja, asof ons die gehoorsaamheid wat *Christus* vir ons volbring het, self volbring het. *Ons* staan met beskaamde gesigte, maar by die HERE is barmhartigheid; by Hom is vergewing. Wie hom was in die bloed van *Christus* kan sê: toets my maar HERE, en beproef my. U sal niks vind nie, dit is met die bloed en die onskuld en die volkome heiligheid van *Christus* bedek.

Ons is in *Christus Jesus* geskape om goeie werke te doen.

Ons omgewing en die openbare opinie kan ons vir lang tye aan ons sonde herinner en ons skaam ons ook lank en diep daaroor. Maar die HERE kom nie daarna terug nie. Hy sit dit wat *Christus* vir ons gedoen het op ons rekening. Kwaadwillige praatjies en ons skaamte bly ons 'n tydlank by, maar vir God is die skuld weg. Volledig weg. Danksy *Christus*.

Dit is nie 'n ontmoedigende evangelie nie, maar 'n bevrydende evangelie. Al kla ons gewete ons ook van alle kante aan, skenk God aan my, sonder enige verdienste van my kant, net uit genade, die volkome voldoening, geregtigheid en heiligheid van *Christus*, so dikwels as wat ek dit deur die geloof aanneem en vir myself toeëien. Diegene wat die Christendom oor pessimisme verwyf, het nog niks hiervan begryp nie. Christene roem nie in mense nie. Christene roem in die HERE. Hulle sing van genade!

Onverdiende saligheid.

God se vreugde oor ons goeie werke

Die regverdig(verkla)ring gaan gepaard met heiliging. Wanneer ons deur *Christus* geregverdig is, sal ons goeie werke doen. 'n Loot wat in die wynstok (*Christus*), is, bly nie sonder vrugte nie. Dié vrug is om, nie as angstige slawe nie, maar met blydschap as kinders, in gehoorsaamheid aan die Vader te lewe. Die gebooie van die Vader verloor nie hulle geldigheid deur *Christus* nie, maar dit kom op 'n nuwe manier na ons toe: *Christus* het dit vir ons en in ons plek vervul, en dit bevat nou die *wil van die Vader* vir sy *dankbare kinders*.

Aan die wet van God gemeet, is dit ten opsigte van die goeie werke wat ons in ons heiliging doen óók so dat hulle onvolmaak en sondebevelek is. Dit is daagliks vir ons rede tot verootmoediging. Die wonder van die evangelie is ewenwel dat God ons ook hierin *in Christus* aansien. Daarom is ons werke, hoe onvolmaak hulle ook al in terme van die wet is, in *Christus* vir God welgevallig. Die gebreke in ons werke word deur *Christus* bedek. Die HERE sien in ons werke die vrug van *Christus* en sy Gees. Hy sien met Vaderlike vreugde hoedat ons met ons eie wil breek, Hom liefhet en Hom in gehoorsaamheid aan sy Woord dien. Hy belóón selfs ons werke (wat sy eie gawes is!) in hierdie en in die toekomstige lewe, op 'n manier wat by ons elkeen persoonlik pas.

Ons het dit te danke aan *Christus*. Ons het dit te danke aan die genade van God. Ons is *in Christus Jesus* geskape om goeie werke te doen. Daardeur word ons werke geheilig. Net *deur Hom* en in geloofsverbondenheid *met Hom* is ons 'n gereinigde volk met alle ywer in goeie werke.

Doen ons dan by die HERE niks reg nie?

Die omhelsing van *Christus* in die geloof is die eerste bewys van wedergeboorte, en slegs dan kan ons weet dat ons werklik wedergebore is.

- John Murray

Al te seker! Anders sou die werk van Christus onvolmaak wees! Dan sou sy Gees nie in ons lewe vrug dra nie. Psalm 26 sing daarvan: “*ék wandel in my opregtheid; . . . my voet staan op gelyk grond; ek sal die HERE loof . . .*”. Sefanja profeteer van die HERE wat Hom met vreugde oor sy volk verbly. Paulus dank die HERE vir die trou en die liefde en die werke wat hy opmerk in die gemeentes aan wie hy skryf. Ons, wat dood is weens ons sonde en oortredings, mag (danksy Christus) met geestelike blydskap en heilige vreugde, by onself die die vrug van die evangelie opmerk: ware geloof in Christus, kinderlike ontsag vir God, verdriet oor ons sonde teen die wil van God, verlange om nie onder die heerskappy van ons eie begeertes of van ons omgewing nie, maar na die bevrydende wil van

God te lewe.

Die evangelie is nie ontmoedigend nie. Ons verheug ons in God; en God verheug Hom in ons.

Die vreugde van die heiliging en oor die heiliging is *in Christus* alleen. In dieselfde Psalm waarin Dawid sing oor sy onskuld, bid hy: “*verlos my en wees my genadig*” (Ps. 26:11). Ook in die heiliging kan ons nie anders leef nie as uit die *geloof* wat alles van Christus aannem. Ook met ons goeie werke kan ons net tot God nader deur die voorhangsel van die vlees van Christus heen. Ons geestelike offers is net deur Christus vir God welgevallig. Wie wil roem, roem in die HERE!

Aan Hom kom toe die lof en die eer en die heerlijkheid en die krag tot in alle ewigheid!

Wanneer beginsels wat teen jou diepste oortuigings indruis begin om veld te wen, dan is jy geroepe tot stryd, en vrede het sonde geword; dan moet jy, ten koste van kosbaarste vrede, jou oortuigings voor vriend en vyand blootlê, met al die vuur van jou geloof.

A Kuiper

Dankbaarheid is 'n blom wat slegs groei in die tuin van genade

- JP Versteeg